
SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za




You have Downloaded, yet Another Great Resource to assist you with your Studies ☺

Thank You for Supporting SA Exam Papers

Your Leading Past Year Exam Paper Resource Portal

Visit us @ www.saexampapers.co.za

SA EXAM PAPERS

SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



basic education

Department:
Basic Education
**REPUBLIC OF SOUTH AFRICA**

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

## GRAAD 12

## SIVIELE TEGNOLOGIE: SIVIELE DIENSTE

## NOVEMBER 2024

**PUNTE: 200**

**TYD: 3 uur**

**Hierdie vraestel bestaan uit 15 bladsye en 6 antwoordblaaie.**

SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



**BENODIGDHEDE:**

1. Tekeninstrumente
2. 'n Nieprogrammeerbare sakrekenaar
3. ANTWOORDEBOEK

**INSTRUKSIES EN INLIGTING:**

1. Hierdie vraestel bestaan uit SES vrae.
2. Beantwoord AL die vrae.
3. Lees AL die vrae noukeurig deur.
4. Beantwoord elke vraag as 'n geheel. MOENIE onderafdelings van vrae skei NIE.
5. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
6. Begin die antwoord op ELKE vraag op 'n NUWE bladsy.
7. MOENIE in die kantlyne van die ANTWOORDEBOEK skryf NIE.
8. Jy mag sketse gebruik om jou antwoorde te illustreer.
9. Skryf ALLE berekeninge en antwoorde in die ANTWOORDEBOEK of op die aangehegte ANTWOORDBLAAIE.
10. Gebruik die puntetoekenning as 'n riglyn vir die lengte van jou antwoorde.
11. Maak tekeninge en sketse met potlood, volledig gemaatskryf en netjies met beskrywende opskrifte en aantekeninge afgerond, in ooreenstemming met die *SANS/SABS se Gebruikskode vir Boutekenepraktyk.*
12. Vir die doel van hierdie vraestel moet die grootte van 'n steen as 220 mm x 110 mm x 75 mm geneem word.
13. Gebruik jou eie oordeel waar afmetings en/of inligting ontbreek.
14. Beantwoord VRAAG 2, 3.3, 3.5, 5.4, 6.5 en 6.6 op die aangehegte ANTWOORDBLAAIE en gebruik tekeninstrumente, waar nodig.
15. Skryf jou SENTRUMNOMMER en EKSAMENNOMMER op elke ANTWOORDBLAD en lewer dit saam met jou ANTWOORDEBOEK in, al het jy dit nie gebruik nie.
16. Tekeninge in die vraestel is NIE volgens skaal NIE as gevolg van elektroniese kopiëring.
17. Google Images is as die bron van alle foto's en prentjies gebruik.
18. Skryf netjies en leesbaar.

SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



## VRAAG 1: WBGV, MATERIALE, GEREEDSKAP, TOERUSTING EN HEGTING (GENERIES)

Begin hierdie vraag op 'n NUWE bladsy.

1.1 Kies die korrekte woord(e) uit dié wat tussen hakies gegee word. Skryf slegs die woord(e) langs die vraagnommers (1.1.1 tot 1.1.10) in die ANTWOORDEBOEK neer, bv. 1.1.11 Beton.

1.1.1 Houtsteierstaanders moet nie meer as (4 m/3 m/6 m) uitmekaar geplaas word nie. (1)

1.1.2 Boksteiers moet 'n maksimum hoogte van (3 m/4 m/6 m) hê. (1)

1.1.3 Die materiaalveiligheid-datablad wat gevaarlike chemiese stowwe vergesel, moet (brandbestrydingsmaatreëls/vlamverhouding/verbrandingstempo) bevat. (1)

1.1.4 Wanneer lang lere met 'n voertuig vervoer word, (maak seker dat die leer nie uitermatig verbysteek nie/merk die punt van die leer met 'n groen vlag/plaas die leer in 'n regop posisie). (1)

1.1.5 (Galvanisering/Poeierbestryking/Elektrolise) is die proses om 'n plastiekbedekking op 'n metaal aan te wend. (1)

1.1.6 Elektroplatering is die proses waar (die dikte van ondermaat-onderdele vergroot kan word/metaal uitermatig warm word/metale met verf bedek word). (1)


1.1.7 Die (draad en skag/kop en pen/uitloop en skag) vorm nie deel van die lengte van 'n bout nie. (1)

1.1.8 Die doel van die nyloninsetsel op 'n seskantige moer is vir (dekoratiewe doeleindes/maklike verwydering van 'n bout af/voorkoming van losdraai). (1)


1.1.9 Houtlere kan volgens die Wet op Beroepsgesondheid en Veiligheid (WBGV), met (oliebasisverf/houtpreserveermiddels/waterbasisverf) behandel word. (1)

1.1.10 Werkers wat groot toerusting dra, mag nie (spiraal/hang/brand)-trappe wat 'n tydelike deel van 'n struktuur is, gebruik nie. (1)

1.2 Watter prentaansig hieronder verteenwoordig 'n moer met 'n ingeboude waster?


A


B


C


D

(1)

1.3 Die spesifikasies vir 'n Rawl-bout is R-RBL-M08/25. Wat verteenwoordig die *M08*? (1)

SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



1.4 Nabehandelde beton word aan elemente blootgestel.

1.4.1 Verduidelik die effek van nabehandelde beton op staalwapening. (1)

1.4.2 Verduidelik die voordele van nabehandelde beton met betrekking tot die gewig wat dit kan dra. (1)

1.5 Onderskei tussen die *multidetektor* en die *laserwaterpas* met betrekking tot die gebruik daarvan. (2)

1.6 Beskryf TWEE gebruike van die bukswaterpas. (2)

1.7 Beskryf hoe jy 'n teleskopiese staaf sal versorg. (2)
**[20]**

**VRAAG 2: GRAFIKA AS KOMMUNIKASIEMIDDEL (GENERIES)**


Begin hierdie vraag op 'n NUWE bladsy.

FIGUUR A en FIGUUR B op die volgende bladsy toon tekeninge wat op 'n bouplan voorkom. Analiseer die tekeninge en voltooi die tabel op ANTWOORDBLAD 2.


SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za






**FIGUUR A**


NOTAS:
Kontrakteurs moet alle afmetings en vlakke op die terrein verifieer voordat daar met werk begin word.

Argitekte moet dadelik van enige afwykings in kennis gestel word.

Omheining: Deursigtige omheining vir gebruik op grens

Argitek se handtekening ………….


Kliënt se handtekening ..................




**FIGUUR B**

| | | |
|---|---|---|
| HERSIENING 1 | DATUM: 14/04/2024 | TEKEN VAN ELEKTRIESE TOEBEHORE |
| GEDRUK DEUR: FROG DRUKKERS | DATUM GEDRUK: 16/04/2024 | |
| TEKENINGTITEL: TERREINPLAN EN VLOERPLAN | | |
| PROJEK: VOORGESTELDE WONING VAN ME. KOCK OP ERF 23, CLIVIASTRAAT, MALUBU | | |
| PROJEK NR.: GR 688-646 | TEKENING NR.: 446P2 | |
| DATUM: 07/04/2024 | GETEKEN: SP JOB | NAGEGAAN: P BOT |
| TERREINPLAN | SKAAL 1 : 500 | |
| VLOERPLAN | SKAAL 1 : 100 | |
| VERWYSINGSKODE QP 4 – 2024 | | |

VENSTERSKEDULE




**[40]**

SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



## VRAAG 3: KONSTRUKSIE WAT MET SIVIELE DIENSTE VERBAND HOU, WBGV EN HOEVEELHEDE (SPESIFIEK)

Begin hierdie vraag op 'n NUWE bladsy.

3.1 Gee EEN woord/term vir ELK van die volgende beskrywings deur 'n woord/term uit die lys hieronder te kies. Skryf slegs die woord/term langs die vraagnommers (3.1.1 tot 3.1.5) in die ANTWOORDEBOEK neer, bv. 3.1.6 Strykverband.

| |
|---|
| 1 : 90; instelhoekbord; stut; waterpas; vrousluiter; uitgangshoogte; wig; doodloopent; betondeksel; 1 : 40 |

3.1.1 'n Bord waarop die korrekte val getoon word (1)

3.1.2 'n Bykomstigheid wat in betonring-mangate gebruik word (1)

3.1.3 Verstewig die stut by skoring wat vir vore/slote gebruik word (1)

3.1.4 Die gradiënt/helling vir 'n pyp met 'n diameter van 225 mm (1)

3.1.5 'n Spesiaal gevormde steen wat in Engelse verband gebruik word (1)

3.2 FIGUUR 3.2 hieronder toon veiligheidstoerusting wat in 'n beperkte spasie gebruik word.



**FIGUUR 3.2**

3.2.1 Noem die veiligheidstoerusting wat die werker aan die veiligheidstou verbind. (1)

3.2.2 Noem 'n metode wat gebruik word om skadelike gasse uit 'n mangat te verwyder. (1)

3.2.3 Noem EEN veiligheidsitem wat 'n werker moet dra om die inaseming van gevaarlike gasse te voorkom. (1)


SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



3.3 Teken op ANTWOORDBLAD 3.3 'n horisontale deursneeaansig van 'n mangat. Dui die rigting aan waarin die rioolwater sal vloei. Benoem die vloeivulling en enige TWEE ander dele. (8)

3.4 Gebruik die inligting in FIGUUR 3.4 hieronder en bepaal die materiale, soos in die tabel hieronder aangedui. Skryf slegs die antwoord langs die vraagnommers (3.4.1 tot 3.4.7) in die ANTWOORDEBOEK neer, bv. 3.4.8 P-sperder.




**FIGUUR 3.4**

| ITEM | NAME VAN PYPE/SANITÊRE TOEBEHORE | MATERIAAL | DIAMETER | HOEVEELHEID |
|---|---|---|---|---|
| 1 | 3.4.1 | ... | ... | 3.4.2 |
| 2 | Vuil-/Rioolpyp | ... | 3.4.3 | ... |
| 3 | Y-drekwater-koppelstuk 135° | 3.4.4 | ... | 3.4.5 |
| 4 | Hoofrioolpyp | ... | ... | 3.4.6 (Dui die getal 6 m-pype benodig aan) |
| 5 | 3.4.7 | ... | ... | 1 |

**LET WEL:** Rioolpype is in 6 meter-lengtes beskikbaar. (7)

3.5 ANTWOORDBLAD 3.5 toon die boaansig van die eerste laag van 'n buitehoek met 'n T-aansluiting-halfsteenmuur. Projekteer en teken die opeenvolgende laag om presies op die gegewe eerste laag te pas. (7)
**[30]**

SA EXAM PAPERS
Proudly South African


SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



**VRAAG 4: KOUE- EN WARMWATERTOEVOER, GEREEDSKAP, TOERUSTING EN MATERIAAL (SPESIFIEK)**

Begin die vraag op 'n NUWE bladsy.

4.1 FIGUUR 4.1 hieronder toon TWEE kleppe.





**FIGUUR 4.1**

4.1.1 Differensieer tussen volgangkleppe **A** en **B** met betrekking tot die meganisme om die kleppe oop te maak. (2)

4.1.2 Noem die beweegbare dele binne die volgangkleppe wat die kleppe oop en toe sal maak. (2)

4.2 FIGUUR 4.2 hieronder toon 'n masjien.



**FIGUUR 4.2**

4.2.1 Identifiseer die masjien. (1)

4.2.2 Noem TWEE gebruike van hierdie masjien. (2)


4.2.3 Watter tipe smeermiddel moet aan die snydele van die masjien aangewend word om 'n skoon snit te verseker? (1)

SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



4.3 FIGUUR 4.3 hieronder toon 'n pyp wat aan koue- en warmwaterkrane verbind is om 'n fout in die waterpype op te los.




**FIGUUR 4.3**

4.3.1 Identifiseer die fout wat herstel word. (1)

4.3.2 Verduidelik hoe jy die tipe fout wat in VRAAG 4.3.1 geïdentifiseer is, kan voorkom. (2)

4.4 FIGUUR 4.4 hieronder toon 'n onderdeel wat in 'n geiser gebruik word om die water te verhit.



**FIGUUR 4.4**

4.4.1 Identifiseer die onderdeel. (1)

4.4.2 Noem die onderdeel wat die binnewand van die geiser teen korrosie beskerm. (1)

4.4.3 Verduidelik die funksie van die termostaat in 'n geiser. (2)

4.5 Teken die volgende simbole wat in warmwaterstelsels gebruik word:

4.5.1 Drukskakelaar (2)

4.5.2 Uitsettingsbeheerklep (2)


4.5.3 Stort (vas) (2)

SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



4.6 FIGUUR 4.6 hieronder toon 'n elektriese waterverhittingstelsel.




**FIGUUR 4.6**

| | | |
|---|---|---|
| 4.6.1 | Verduidelik die funksie van pype **A** en **B**, soos in die geiser-installasie gebruik. | (2) |
| 4.6.2 | Noem en verduidelik EEN doel van **D**. | (2) |
| 4.6.3 | Identifiseer **C**. | (1) |
| 4.6.4 | Gee EEN rede vir die gebruik van 'n drupbak in 'n geiserinstallasie. | (1) |
| 4.6.5 | Noem die onderdeel van 'n geiser wat hewelwerking voorkom. | (1) |

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



4.7 Kies 'n beskrywing uit KOLOM B wat by die item in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A–H) langs die vraagnommers (4.7.1 tot 4.7.5) in die ANTWOORDEBOEK neer, bv. 4.7.6 J.

| KOLOM A | | KOLOM B | |
|---|---|---|---|
| 4.7.1 | Hittepomp | A | om gegalvaniseerde pype te las of om 'n lek te herstel |
| 4.7.2 | Flense | B | word gebruik om twee staalpype te las en die komponente in plek te hou |
| 4.7.3 | Johnson-pypkoppeling | C | laat ongewenste reuke wat uit 'n rioolstelsel kom, ontsnap |
| 4.7.4 | Watermeter | D | gebruik die sonstelsel ('solar') om water te verhit |
| 4.7.5 | Aanvraagstaankraan | E | om PVC-pype te heg of om 'n lek te herstel |
| | | F | gebruik warm lug om water te verhit |
| | | G | word deur munisipale werkers gebruik om lesings van waterverbruik te neem |
| | | H | reguleer watervloei vir 'n paar sekondes by 'n handwasbak |

(5 x 1) (5)

4.8 Noem die reaksie tussen twee metale wanneer die volgende prosesse plaasvind:

4.8.1 Die selektiewe verwydering van meer aktiewe sink uit 'n allooi wat in 'n waterige oplossing plaasvind (1)

4.8.2 Die proses word uitgevoer in 'n elektrolitiese sel wat in 'n oplossing van positief en negatief gelaaide ione gedoop is (1)

4.8.3 Een metaal korrodeer 'n volgende wanneer beide metale in elektriese kontak, in die teenwoordigheid van 'n elektroliet, is (1)

4.9 Toon, deur middel van 'n skets, 'n 90°-enkel-T-verloopstuk met inspeksieoog. (4)

**[40]**

SA EXAM PAPERS
Proudly South African


SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



**VRAAG 5: GRAFIKA AS KOMMUNIKASIEMIDDEL, DAKWERK EN STORMWATER (SPESIFIEK)**

Begin die vraag op 'n NUWE bladsy.

5.1 FIGUUR 5.1 toon die voor- en boaansig van 'n doodloopent van 'n geut. Teken in jou ANTWOORDEBOEK die ontwikkeling van die doodloopent met 'n toe bokant.




**FIGUUR 5.1** (6)

5.2 Noem EEN metode om stormwater na opvangsareas te kanaliseer. (1)

5.3 Toon, deur middel van 'n netjiese vryhand-prentskets, 'n voorafgegote oop kanaal. (4)

5.4 ANTWOORDBLAD 5.4 toon die vooraansig en boaansig van 'n vierkantige afgeknotte piramide, met die basis wat nie parallel met die as is nie, wat as 'n ventilasiepyp gebruik moet word.

Gebruik die aansigte en die inligting wat verskaf is en teken die ontwikkeling van die afgeknotte piramide. Begin die ontwikkeling by **A**.

Die piramide het 'n 3 mm-naat aan beide kante.

Toon ALLE konstruksie- en projeksielyne. (19)
**[30]**

SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



## VRAAG 6: RIOLERING, SANITÊRE TOEBEHORE EN HEGTING (SPESIFIEK)

Begin hierdie vraag op 'n NUWE bladsy.

6.1 Verskeie opsies word as moontlike antwoorde op die volgende vrae gegee. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommers (6.1.1 tot 6.1.5) in die ANTWOORDEBOEK neer, bv. 6.1.6 D.

6.1.1 Die helling/gradiënt/val van 'n rioolpyp met 'n diameter van 150 mm is ...

A 1 : 40.
B 1 : 60.
C 1 : 90.
D Al die bogenoemde (1)

6.1.2 … word gebruik om vuilwaterpype met dieselfde diameter by hoeke te las.

A 'n Koppelstuk
B 'n T-vuilwaterkoppelstuk 135°
C 'n 90°-buigstuk met Ø110 mm
D 'n Vuilwaterbuigstuk met inspeksieoog 90° (1)

6.1.3 'n Waterbak vorm deel van 'n ...

A spoelkloset.
B bad.
C opwasbak.
D Geeneen van die bogenoemde nie (1)

6.1.4 Die geskikste gereedskapstuk om 'n koperpyp mee te sny, is 'n ...

A ystersaag.
B banksaag.
C pypsnyer.
D sykniptang. (1)

6.1.5 S-sperders moet by ... geïnstalleer word.


A storte
B baddens
C bidets
D Geeneen van die bogenoemde nie (1)

SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



6.2 FIGUUR 6.2 hieronder illustreer 'n tipe urinaal.




**FIGUUR 6.2**

6.2.1 Identifiseer die tipe urinaal. (1)

6.2.2 Identifiseer **A** en **B**. (2)

6.2.3 Verduidelik die funksie van **A**. (1)


6.2.4 Beskryf wat bo-op die metaalrooster geplaas kan word om te voorkom dat papier en ander materiale in die uitlaat ingaan. (1)


SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



6.3 FIGUUR 6.3 hieronder illustreer die soldeerproses. Bestudeer die figuur en beantwoord die vrae wat volg.




**FIGUUR 6.3**

6.3.1 Identifiseer **A**. (1)

6.3.2 Verduidelik waarom **A** van koper gemaak is. (1)

6.3.3 Beskryf die samestelling van die soldeerstaaf. (1)

6.3.4 Bespreek TWEE redes waarom die las voor soldeerwerk met vloeimiddel bedek word. (2)

6.4 Beskryf die proses om PVC-pype aan 'n reguit koppelstuk te las deur 'n oplosmiddel te gebruik. (4)

6.5 ANTWOORDBLAD 6.5 toon 'n onvoltooide vertikale deursneeaansig van 'n septiese tenk. Gebruik ANTWOORDBLAD 6.5 en voltooi die tekening van die septiese tenk. Benoem die watervlak en skuim. (10)

6.6 ANTWOORDBLAD 6.6 toon die vloerplan van 'n werkswinkel en die onvoltooide riooluitleg. Gebruik ANTWOORDBLAD 6.6 om 'n geskikte riooluitleg met 'n rioolput vir die werkswinkel te ontwerp en te voltooi. Drukskryf die afkortings vir die inspeksieoë en die lugpyp/ventilasiepyp. (11)
**[40]**

**TOTAAL: 200**

SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



| SENTRUMNOMMER: | | | | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| EKSAMENNOMMER: | | | | | | | | | | | | |

**ANTWOORDBLAD 2**

| NR. | VRAE | ANTWOORDE | PUNTE |
|---|---|---|---|
| 1. | Wat is die afmeting van die woning wat aan Hibiscusstraat front? | | 1 |
| 2. | Identifiseer nommer **1.** | | 1 |
| 3. | Identifiseer die nommer wat die boulyn aandui. | | 1 |
| 4. | Identifiseer nommer **2**. | | 1 |
| 5. | Identifiseer nommer **3**. | | 1 |
| 6. | Skryf die afkorting vir nommer **5** neer. | | 1 |
| 7. | Verduidelik die doel van nommer **6**. | | 1 |
| 8. | Hoeveel fluoresseerbuise word in nommer **7** gebruik? | | 1 |
| 9. | Hoeveel eenwegskakelaar-enkelpool-skakelaars is in die woning? | | 1 |
| 10. | Hoeveel ingeboude kaste is in die woning? | | 1 |
| 11. | Wat is weggelaat met betrekking tot elektriese installasies in die slaapkamers? | | 1 |
| 12. | Noem TWEE toegangspunte tot die woning. | | 2 |
| 13. | Hoe weet jy in watter rigting die deur by nommer **8** sal oopmaak? | | 1 |
| 14. | Noem EEN ander tipe toebehore wat in die badkamer geïnstalleer kan word, soos deur nommer **9** aangedui. | | 1 |
| 15. | Identifiseer nommer **10**. | | 1 |



SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



| | | | | | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| **SENTRUMNOMMER:** | | | | | | | | | | | | | |
| **EKSAMENNOMMER:** | | | | | | | | | | | | | |

| | | | |
|---|---|---|---|
| 16. | Watter erf is aan die oostekant van erf nommer 23? | | 1 |
| 17. | Hoeveel binnedeure is daar in die gebou? | | 1 |
| 18. | Hoeveel 2 600 mm x 1 400 mm vensters is daar in die gebou? | | 1 |
| 19. | Wie het die tekening van die nuwe woning nagegaan? | | 1 |
| 20. | Hoekom sal dit moeilik wees om die woning by nommer **8** binne te gaan as die NGV 300 mm laer as die VVV is? | | 1 |
| 21. | Wie was verantwoordelik vir die druk van die bouplan? | | 1 |
| 22. | Lei van die nota-kolom af wat die datum was toe hersiening **1** plaasgevind het. | | 1 |
| 23. | In watter dorp sal die nuwe woning opgerig word? | | 1 |
| 24. | Teken die simbool vir 'n opwasbak – dubbel. | | 5 |
| 25. | Teken die simbool vir hardepuinvulling. | | 2 |
| 26. | Bereken hoeveel meter deursigtige heining nodig sal wees om erf 23 te omhein, die oprit uitgesluit.<br>Gee jou antwoord in meter en toon ALLE berekeninge. | | 6 |
| 27. | Die interne oppervlakte van die motorhuis is 39,6 m². Bereken die interne lengte van nommer **11**.<br>Gee jou antwoord in mm en toon ALLE berekeninge. | | 3 |
| | | **TOTAAL:** | **40** |

SA EXAM PAPERS
Proudly South African

Kopiereg voorbehou

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



| SENTRUMNOMMER: | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|

| EKSAMENNOMMER: | | | | | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|

**ANTWOORDBLAD 3.3**

| ASSESSERINGSKRITERIA | | |
|---|---|---|
| NR. | PUNT | KANDIDAAT SE PUNT |
| 1 | 1 | |
| 2 | 1 | |
| 3 | 1 | |
| 4 | 1 | |
| 5 | 1 | |
| 6 | 1 | |
| 7 | 2 | |
| TOTAAL: | 8 | |

SA EXAM PAPERS
Proudly South African

Kopiereg voorbehou


SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



| SENTRUMNOMMER: | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|

| EKSAMENNOMMER: | | | | | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|

**ANTWOORDBLAD 3.5**



| ASSESSERINGSKRITERIA | | |
|---|---|---|
| NR. | PUNT | KANDIDAAT SE PUNT |
| 1 | 4 | |
| 2 | 2 | |
| 3 | 1 | |
| TOTAAL: | 7 | |

SA EXAM PAPERS
Proudly South African


SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



| SENTRUMNOMMER: | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|

| EKSAMENNOMMER: | | | | | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|

**ANTWOORDBLAD 5.4**




| ASSESSERINGSKRITERIA | | |
|---|---|---|
| NR. | PUNT | KANDIDAAT SE PUNT |
| 1 | 1 | |
| 2 | 2 | |
| 3 | 3 | |
| 4 | 5 | |
| 5 | 5 | |
| 6 | 1 | |
| 7 | 2 | |
| TOTAAL: | 19 | |

SA EXAM PAPERS
Proudly South African

Kopiereg voorbehou


SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



| SENTRUMNOMMER: | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|

| EKSAMENNOMMER: | | | | | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|

**ANTWOORDBLAD 6.5**



| ASSESSERINGSKRITERIA | | |
|---|---|---|
| **NR.** | **PUNT** | **KANDIDAAT SE PUNT** |
| 1 | 1 | |
| 2 | 1 | |
| 3 | 2 | |
| 4 | 2 | |
| 5 | 1 | |
| 6 | 1 | |
| 7 | 2 | |
| **TOTAAL:** | **10** | |

Kopiereg voorbehou

SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za




| SENTRUMNOMMER: | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|

| EKSAMENNOMMER: | | | | | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|

**ANTWOORDBLAD 6.6**

| ASSESSERINGSKRITERIA | | |
|---|---|---|
| **NR.** | **PUNT** | **KANDIDAAT SE PUNT** |
| 1 | 3 | |
| 2 | 3 | |
| 3 | 1 | |
| 4 | 1 | |
| 5 | 1 | |
| 6 | 2 | |
| **TOTAAL:** | **11** | |






SA EXAM PAPERS
Proudly South African